
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

GOD SE VOLMAAKTE TYD

Dit is verstommend om te sien hoeveel ons lewens deur tyd regeer word. Dink net daaraan hoe vinnig die jaar verby gevlieg het, en hier staan ons op die rand van 'n splinter nuwe jaar – die jaar 2012. Laas jaar het waarskynlik tye van groot blydskap vir baie bevat, en vir party, tye van verdriet, maar deur dit alles het ons Here getrou gebly. Hy het in Sy Woord verklaar dat; **Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is, 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou, 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te weeklaag en 'n tyd om van vreugde rond te spring, 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels en 'n tyd om ver te wees van omhelsing, 'n tyd om te soek en 'n tyd om verlore te laat gaan, 'n tyd om te bewaar en 'n tyd om weg te gooi, 'n tyd om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk, 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek, 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede (Pred. 3:1-8).** Ons almal het sommige van die tye in 2011 ondervind, maar hulle hou net vir 'n seisoen, en, in 2012, sal die Here ons nuwe genietinge en nuwe geleenthede aanbied sodat ons Hom meer kan leer ken en Sy krag en Sy seëninge elke nuwe dag ondervind. Die jaar 2011 is nou agter ons, en daarom kan ons saam met Paulus sê: **... ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:13-14).** Ons kan dit met vrymoedige sekerheid doen omdat God nooit met die tyd verander nie, Hy is vir ewig ons skuilplek en ons hoop te alle tye.

Ons kan met vreugdevolle verwagting vooruit kyk na wat die jaar vir ons inhou, want Hy ken ons toekoms en hou dit in Sy hande, daarom vertrou ons Hom en het nie nodig om te vrees nie. Hy sê in **Jer. 29:11: Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.**

Om die waarheid te sê is hierdie tye waarin ons nou lewe, hoe onstuimig hulle ook al mag wees, opwindende tye vir die wat die Here Jesus dien en wat uitsien na Sy verskyning , want volgens die tekens van hierdie tye, kom hulle ooreen met die (in die Bybel beskryf), wat Sy koms aankondig! Lees Matt. Hoofstuk 24 en Lukas hoofstuk 21 om hierdie waarheid te bevestig.

God het altyd groot betekenis geplaas op Sy **vasgestelde tyd** vir Sy planne en doelstellings vir die mens. Die goddelike tyd vir gebeurtenisse wat Hy vooruit bepaal het om plaas te vind, en wat gebeur het presies soos dit in Sy Woord geprofeteer is, speel 'n belangrike deel om aan die mens te bewys dat Hy inderdaad die enigste ware God is, Skepper van die Heelal – die God van Abraham, Isak en Jakob.

God het beplan en beoog vir Abraham en Sara om 'n seun te hê deur wie Hy 'n ewigdurende verbond sou vasstel, en daardie seun was Isak wat op God se **volmaakte tyd** gebore sou word. Hulle kon egter nie vir God se **bepaalde tyd** wag nie, en het voortgegaan om dinge op hul eie tyd te maak gebeur. Ismael is gebore en Abraham het probeer om God om te praat om hom as die seun van die belofte te aanvaar, maar sonder sukses. Hul ongeduld deur nie op God se tyd vir hulle om 'n seun te baar te wag nie, het baie verdriet veroorsaak.

Ons lees die verslag hiervan in **Gen. 17:19-22: Toe antwoord God: Voorwaar, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Isak noem; en Ek sal my verbond met hom oprig as 'n ewige verbond vir sy nageslag ná hom. Ook wat Ismael aangaan, het Ek jou verhoor. Kyk, Ek seën hom en maak hom vrugbaar en**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - God se volmaakte tyd…….)

vermeerder hom buitengewoon. Twaalf vorste sal hy verwek, en Ek sal hom 'n groot nasie maak. Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou ander jaar op hierdie tyd sal baar. En nadat Hy klaar met hom gespreek het, het God van Abraham af opgevaar.

Dan lees ons in Gen. Hoofstuk 21 die vervulling van wat God vir hulle van die begin af bedoel het: **En die HERE het Sara besoek soos Hy beloof het; en die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het:**

Sara het bevrug geword en vir Abraham in sy ouderdom 'n seun gebaar OP DIE BEPAALDE TYD WAT GOD GENOEM HET. En Abraham het sy seun wat vir hom gebore is, wat Sara vir hom gebaar het, Isak genoem (Gen. 21:1-3). God se wil vir Abraham en Sara was om 'n seun te baar, en net so belangrik as Sy wil vir hulle was, was Sy **bepaalde tyd** vir dit om plaas te vind NETSO belangrik!

Ons sien hierdie waarheid geïllustreerd in die plae wat God toegelaat het om oor Egipte te kom toe Farao geweier het om die Hebreërs te laat gaan om Hom te aanbid. Ons lees in **Ex. 9:4-6: En die HERE sal 'n onderskeid maak tussen die vee van die Israeliete en die vee van die Egiptenaars, sodat niks sal doodgaan van alles wat aan die kinders van Israel behoort nie. EN DIE HERE HET 'n BEPAALDE TYD GESTEL en gesê: Môre sal die HERE dit doen in die land. En die HERE het dit die volgende dag gedoen: al die vee van die Egiptenaars het doodgegaan. Maar van die vee van die kinders van Israel is nie een dood nie.** God het vir hulle gesê WAT Hy beplan het om te doen, en Hy het ook gesê WANNEER Hy beplan het om dit te doen! Op Sy BEPAALDE TYD, het Hy Sy Woord gehou, wat Sy Soewereiniteit bewys. God se plan om Sy volk uit slawerny te bevry, was altyd Sy doel vir hulle, maar nou het Sy bepaalde tyd aangebreek, en Hy het tot aksie oorgegaan na hulle 400 aangewese jare in Egipte.

Die opwindende ding omtrent die wete dat God 'n vasgestelde tyd in Sy agenda vir die mens het, is dat ons die jaar 2012 met die wete kan binne gaan dat Hy in VOLLE BEHEER is! Alles verloop volgens plan. Niks wat in die wêreld gebeur is vir Hom 'n verassing nie! Sommige mense wat erken dat God die Skepper van die Aarde is, dink dat Hy iewers langs die pad beheer oor dit verloor het, en dit is totaal onwaar. Die God wat dit alles begin het, sal verseker reg tot aan die einde in beheer wees as dit vernietig word en Hy 'n nuwe Hemel en 'n nuwe Aarde gaan skep.

'n Wonderlike doel van God en Bybel profesie wat in ons leeftyd tot vervulling gekom het, is die van Israel wat weer 'n nasie geword het na baie jare waarin die Jode reg oor die wêreld verstrooi was. God het Sy **vasgestelde tyd** gehad vir dit om te gebeur, en dit was 'n wonderwerk om te sien. 'n Nasie wat weereens herstel is met 'n taal wat vir eeue nie gepraat is nie, die sikkel wat teruggekeer het as die monetêre stelsel, 'n baie gedugte weermag en die woestyn wat weereens geblom het waar daar vantevore net sand en glad geen bome was nie. 'n Wonderwerk, tog het God oor Sy **vasgestelde tyd** gepraat, wanneer dit sou plaasvind; **Psalm 102:13-14: Maar U, O HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag. U sal opstaan, U oor Sion ontferm; want dit is tyd om hom genadig te wees, want DIE BESTEMDE TYD HET GEKOM.** God se bestemde tyd vir die Nasie van Israel om in 'n dag gebore te word, was 14 Mei 1948**.** Ons lees dit in Jesaja. **Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar. Sou Ek naby die geboorte bring en nie laat baar nie? sê die HERE. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou God. Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het! (Jes. 66:8-10).** En hierdie vervulde profesie is van groot belang vir almal wat vir die Here lief is en op Sy koms wag, omdat verse 15 tot 17 van Ps. 102 wat ons vroeër gelees het sê: **Want u knegte het sy klippe lief en het medelyde met sy puin. Dan sal die heidene die Naam van die HERE vrees en al die konings van die aarde u heerlikheid; omdat die HERE Sion opgebou het, IN SY HEERLIKHEID VERSKYN HET (Psalm 102:14-16).** God se bestemde tyd vir die herstel van Israel is nou verbind met die wederkoms van ons Here Jesus, die presiese tyd wat net ons Hemelse Vader weet. **Matt. 24:36: Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.**

God het 'n vasgestelde tyd vir Jesus se wederkoms, net soos Hy 'n vasgestelde tyd vir Jesus se geboorte gehad het. **Gal. 4:4-5: Maar TOE DIE VOLHEID VAN DIE TYD GEKOM HET, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.** Jesus is gebore op 'n spesifieke tyd wat deur God voor die grondlegging van die wêreld vasgestel het, en daar is baie profesieë wat betrekking op Sy geboorte het wat in detail vervul is. God se vasgestelde tyd vir Sy kruisiging is tot die presiese dag en uur bepaal. **Mark. 15:25: En dit was die derde uur toe hulle Hom gekruisig het.** Dit was presies dieselfde tyd wat God se volk hulle offer lammers aan God op Paasfees geoffer het. God se bestemde tyd vir Jesus se dood was opsetlik bedoel om hulle na die LAM VAN GOD te wys, Wie die sondes van die wêreld sou wegneem, en ons verlossing moontlik maak.

Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. KYK, NOU IS DIT DIE TYD VAN DIE WELBEHAE; KYK, NOU IS DIT DIE DAG VAN HEIL (verlossing) (2 Kor. 6:2). Ons kan Jesus nou enige tyd as ons persoonlike Verlosser ontvang, omdat Sy verlossingswerk vir die mensdom gedoen en voltooi is, daarom is vandag die dag van verlossing. Toe Jesus die eerste keer na die Aarde gekom het, was dit Sy Vader se bestemde tyd vir die verlossing

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - God se volmaakte tyd….)
van wie ook al wil. Hebreërs sê: **So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid (Heb. 9:28) .** Jesus kom weer en hierdie keer kom Hy om diegene te kom haal wat verlossing ontvang het toe Hy die eerste keer gekom het, en UITKYK VIR SY VERSKYNING! Petrus vertel ons dat ons 'n erfenis in die hemel het wat vir ons wag en waarna ons kan uitsien. Hy sê in: **1 Pet. 1:3-5: Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.** Totdat daardie tyd egter kom, word ons vermaan om goed gebruik te maak van die tyd wat nog hier op aarde vir ons beskikbaar is. **Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is (Ef. 5:15-16).** Ons moet voorbereid en reg wees vir daardie groot en ontsagwekkende dag wanneer Jesus kom om ons te haal:

Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, WANDEL DAN IN VREES GEDURENDE DIE TYD VAN JULLE VREEMDELINGSKAP; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, … En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid…. Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? (1 Pet. 1:13-20; 4:7; 4:17)

Deur dit te gesê het, is daar ook baie werk om te doen voor Jesus se koms, en Vader God is van my en jou afhanklik om ons oorblywende tyd te belê om Sy eindtyd oes van verlore siele in te bring vir Sy Koninkryk. Sy Woord sê dat Hy begeer dat niemand verlore moet gaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom en 'n kennis van Sy reddende genade sal hê, deur Sy Seun Jesus Christus. Dit is die uitroep van ons Hemelse Vader se hart, en almal van ons by die Stanger Christelike Sentrum voel hierdie las meer as ooit te vore. **En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom (Matt. 24:14).**

Ek wil julle met een laaste gedagte laat, dit word in die boek Ester gevind, wat ek julle aanmoedig om te lees. Dit is 'n wonderlike verslag van 'n Joodse vrou, Ester, wat, in die aangesig van die mees onwaarskynlike omstandighede, Koningin geword het en was by magte om haar man, Koning Ahasveros (dit is Ahasveros wat van Indië selfs tot in Etiopië regeer het, oor meer as honderd sewe en twintig provinsies), te beïnvloed gedurende 'n kritieke tyd in die geskiedenis, toe dit gelyk het asof al die Jode vermoor sou word. Sy was God se instrument in Sy plan om haar volk te red, en sy was gehoorsaam aan die Here ten spyte van die groot gevaar vir haar eie lewe. Sy moes spreek ten einde hulle te red, en ons lees die woorde van Mordigai, wat haar aangemoedig het in hierdie lewe en dood situasie. Hy het vir haar gesê: **Want as jy nou werklik swyg, sal daar van 'n ander kant af verligting en redding vir die Jode tot stand kom, maar jy en jou familie sal omkom, EN WIE WEET OF JY NIE MET DIE OOG OP 'n TYD SOOS HIERDIE TOT DIE KONINKLIKE WAARDIGHEID GERAAK HET NIE? (Esther 4:14)**

God het elkeen van ons op 'n plek geplaas wat Hy gekies het vir "'n tyd soos hierdie ". 'n Plek waar ons gebruik kan word as instrumente om verlossing te bring aan hulle wie se lot, sonder Jesus, die ewige dood is. Dit is geen toeval dat ek en jy gesoek en gered is deur God se barmhartigheid en genade gedurende hierdie tyd in Sy kalender nie. Ek glo dat ons op hierdie aarde geplaas is op Sy VASGESTELDE TYD vir Sy volmaakte plan vir ons lewens en dat Hy elke tree van ons bepaal het. Ek daag jou uit om die feit te oordink dat jy gebore is "vir 'n tyd soos hierdie" Ons behoort ernstig te bid en dan te reageer op Sy eindtyd oproep vir die verlossing van verlore siele, en dit ons nommer een prioriteit vir 2012 te maak.

Ek is oortuig dat hierdie jaar 'n opwindende en heerlike een gaan wees, want "waar sonde oorvloedig is, sal genade baie meer oorvloedig wees", **En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk(2 Kor. 9:8).**

Ons, wat soek om Sy wil te gehoorsaam, kan verwag om 'n pragtige nuwe jaar met Jesus te hê omdat, **Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd (Pred. 3:11).** □

FORGETTING WHAT LIES BEHIND, I PRESS ON... Pilipp.3:13

The year 2011, together with all it brought with it, is now behind us. We have all had our highs and our lows, and we have rejoiced together with those of you who have been blessed with new additions to the family, by way of a new baby and grandchild, those of you who have had promotions at work, have passed exams, got married, have rejoiced at the salvation and/or healing of a loved one for whom you have been praying for so long, or have experienced the reconcilliation in a marriage or between family members.

However, we know that for many of you, it has been a year in which you have lost a loved one, have experienced an attack on your health, your finances , your marriage or your work situation, and many other situations that brought you heartache,we have felt your deep pain as you shared your grief with us. In all instances, we have prayed with you and for you, and God has given you the strength, the comfort, and the wisdom you neede to see you through your bad times. He is faithful.

However, last year is over, and God in His infinite wisdom has given us a brand new year filled with hope for the good things that He has promised us in His Word. He says : **For I know the thoughts and plans that I have for you, says the Lord, thoughts and plans for welfare and peace and not for evil, to give you hope in your final outcome (Jer. 29:11 Ampl.)**

Happy memories are precious possessions, and thinking of past moments that were special to us,

brings us joy and a sense of peace and well being. However memories of unpleasant things that we have experienced, the dark patches in our past, are able to recreate such misery and grief within our souls, that spills over into every level of our lives if we allow it to do so. There is naturally a time to reflect on the painful situation that we have had to face, after all, we have been created with emotions and therefore feel the resulting anguish, but Jesus came so deliver us from all pain, spirit, soul and body, He is our Light, our Healer, our Restorer, our Counsellor. We read in **Isaiah 61:1-3: The Spirit of the Lord GOD *is* upon me; because the LORD hath anointed me to preach good tidings unto the meek; he hath sent me to bind up the brokenhearted, to proclaim liberty to the captives, and the opening of the prison to *them that are* bound; To proclaim the acceptable year of the LORD, and the day of vengeance of our God; to comfort all that mourn; To appoint unto them that mourn in Zion, to give unto them beauty for ashes, the oil of joy for mourning, the garment of praise for the spirit of heaviness; that they might be called trees of righteousness, the planting of the LORD, that He might be glorified.**

He will restore to you the joy of your salvation, He will pick you up out of the doldrums, He will remove your sackcloth and ashes and comfort you, and heal the broken hearted by taking away all of the hurts, even those which were caused many years ago.

You need to reach out to your Heavenly Father in prayer asking Him in the name of Jesus your Saviour and Healer to touch and re-

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Forgetting what lies ahead...)

store you. Find a quiet secluded place where you can speak to your Heavenly Father without fear of any interruption. Seek His face with honesty and in humility with praise and thanksgiving, and begin by confessing your sins and asking Him for His forgiveness. It is important that you have the assurance in your heart that Jesus is Lord of your life. If you have not accepted Jesus as your Saviour, this is the time to take this essential step.

Then, after this, you need to use your authority as a believer, given to you as a disciple of Jesus according to the Great Commissions in Mark 16:15. In the Name of Jesus take authority over every evil power that Satan has sent against you. And break all generational curses. Ask the Father to reveal or expose them to you through His Holy Spirit. Ask Him to fill those voids with His Holy Spirit, His love, joy and peace. The following prayer is a **guide line** to how you would pray when dealing with your past and releasing all the hurtful memories to the Lord, as the Holy Spirit leads you to do so:

Father, I thank you for your Son Jesus who died on the cross not only for my sins but also for everyone of my hurts and fears. I thank you that Jesus is the same yesterday, today and for eternity and that He desires me to be completely whole, mind, soul and body and spirit. Father, I thank you for your desire and ability to heal every area of my life, including my past, and for the knowledge that you will restore me completely in Jesus' wonderful Name. I break with every bondage and curse in my bloodline from the third and fourth generation, in the Name of Jesus, and ask that You will make me free. Father, your Word tells me that you knew me before I was born. Thank you for the assurance that you were there when I was formed in my mother's womb and I ask you to remove and set me free of any evil influence that tried, even from birth, to affect my life. Thank you for being there when I was born and that you have loved me always. I need know no rejection ever, because you were there with me. Lord all the times in my life when I went through difficulties – (name them here, eg. Parents' divorce, rejection, separation, death of a loved one, betrayal etc.) fill me with Your love, forgiveness and strength. Remove all hurts of rejection, every fear, all traumatic experiences and shame. During times of feelings of failure, inferiority, inadequacy, loss, lack of ability, of letting people down and not measuring up to their standards. Lord please set me free of all these things in my past and give me the ability to let go of them. I praise and thank you for making me free. Father, I thank you for my father and mother. Please cause your Divine love to flow between us and heal all misunderstandings and restore the breakdown of relationships (some people have grown up in homes devoid of love and trust). **Grant that forgiveness takes place, and new bonds of love are formed. Father, I bring my brothers and sisters before Your throne of Grace. Where there have been feelings of competition or jealousy, allow Your healing to blot out and restore and bring about a new love and understanding between us whereby we can encourage and support one another. Thank you Lord for your love which carried me through my teens. All the fears and emotions I experienced, the protection you provided me at times when I acted irresponsibly. During times of embarrassment and feeling shy, for whatever the reason, your love was ever present. Thank you for your protection during the times of being exposed to the sin of alcohol, drugs and sex. You put a guard around me. Please loose me from all these things in my past, as I confess them to You in prayer, and cleanse me by Your Holy Spirit through the precious Blood of Jesus. Free me from all that has influenced my life through deeds in my past. THANK YOU FOR THE BLOOD OF JESUS THAT CLEANSES ME AS WHITE AS SNOW. Thank you for being with me in my marriage. Heal all hurts that have occurred during this time, every bruise and hurt, every unkind word spoken in the heat of the moment. Please allow Your Divine love to flow between us once again, and give us the desire and ability to forgive one another and begin afresh with a relationship covered by Your love.** (There are people who have lived through the heartbreak of divorce, bitterness and loneliness). **Lord, touch me and heal me now and give me a new insight into my spouse's heart and life. Thank you Father for my children. Please remove all my feelings of failure or guilt as a parent. When I was unwise in handing out punishment or too mean in demonstrating my love. When words of criticism and anger were spoken and I neglected to encourage and comfort them. Father please heal all pain that resulted from my actions. I ask their forgiveness and I forgive them unconditionally for any hurt they have caused me. Father, I thank you for being with me during times of sickness, unhappiness and grief. I give all those times past to you and ask you to touch and heal me of heartache, grief and trauma. Thank you for new peace and joy. Thank you Lord for the work you have done in my life, thank you for healing me, for setting me free and filling me with Your love. Please help me to**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Forgetting what lies ahead...))

accept myself and to love others as You have loved me, and ABOVE ALL TO LOVE YOU with all my heart and soul and strength. Thank You for cleansing me body, soul and spirit and renewing me. Thank You for making me whole, I give You all the praise and glory in Jesus Name, Amen.

Let us begin this new year with a fresh start, having dealt with all our past baggage, and having made right with God, our family members and our fellow man. When we do this, we are set free to serve our Lord with a new liberty, and to experience His abundant blessings for our lives and the lives of our loved ones.

Your blueprint for a closer walk with Jesus in this New Year.

1.Pray continually and thank the Lord for the complete work of deliverance He has done in your life, and that He will continue to protect and guide you. Psalm 138:8 promises that: **The Lord will perfect that which concerneth me.**

2.Read your Bible regularly as it is your Spiritual food and you cannot grow without it.

3.Praise the Lord IN all situations – regardless! (not FOR the situation.)

4.Learn to proclaim God's Word in your situations, His promises, His directions. Remember that the words of your mouth are an indication of what is in your heart! Watch those words because there is life or death in the tongue. **Mark 11:23: For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; HE SHALL HAVE WHATSOEVER HE SAITH.**

5.Begin each new day with the Lord and put on the whole armour of God as He gives it to us in Eph. 6:10-18.

6.Dedicate your home to the Lord. Jesus should feel at home in every room of your house.

7.**Submit yourself therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you.** Proclaim God's Word in adverse times when the devil attacks and you are going through a battle.

8.Fellowship with believing Spirit filled children of God on a regular basis.

9.When possible, pray with a prayer partner and pray often.

10. Forgive everyone who has hurt you and seek reconciliation as the Lord leads you by His Spirit.

You may find that holding on to your healing is an uphill battle, but you have the upper hand and it is, and must be your choice to continue walking in the light of God's Word and to hold fast to that which you now have! God will enable you to do this when you choose His ways. When there are setbacks, disappointments and failures, know that these will come, it is how we handle them that determines our victory over them. Our Heavenly Father who loves us wants us to exercise our faith in Him and His Word, by trusting Him and acting upon His Word in times of trials. This builds our faith and strengthens and perfects us. James 1:2-4 tells us that: **My brethren, count it all joy when ye fall into divers temptations** (trials or tests); **Knowing this, that the trying of your faith worketh patience. But let patience have her perfect work, that ye may be perfect and entire, wanting nothing.**

The Word tells us that no matter what the circumstances may be, we can do all things through Jesus Christ who strengthens us. Philippians 4:13 assures us of this : **I can do all things through Christ which strengtheneth me.**

We need to rest in Him, give all our burdens to Him, be obedient to Him, rely upon Him and trust Him. When the "seas of life" get rough and the wind is strong, and there is thunder and lightning, we need to remember that Jesus is in the "boat" with us! He is able to quiet the waves and still the storm. Hebrews 13:8 tells us that: **Jesus Christ is the same yesterday, and today, and forever.** We need not fear what the year may bring because our Heavenly Father has sent us His Holy Spirit to comfort us, direct us and strengthen us, we are never alone and our Father is in full control!

Therefore let us not look back to the past rehashing any disappointment, regret, anger, resentment, guilt, sorrow or grief, instead, at the start of this new year, let us proclaim with conviction; **….. *this* one thing *I do,* forgetting those things which are behind, and reaching forth unto those things which are before, I press toward the mark for the prize of the high calling of God in Christ Jesus. (Php. 3:13-14)** We can move forward with confidence because,

Jesus said in John 14:27: **Peace I leave you, My peace I give unto you: not as the world giveth, give I unto you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid.** □

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James se kantoor**

Laat ek begin deur te sê dat ek na hierdie jaar uitsien met hoop en verwagting van die wonderlike dinge wat ons rondom ons gaan sien plaasvind, volgens die vervulling van God se profetiese woord in die Bybel. Ons is bevoorreg om in opwindende tye te leef en om die Here se Woord volbring te sien soos Hy gesê het dit sou wees! Die wederkoms van ons Here Jesus is nader as ooit te vore, en daarom sien ons daagliks al die tekens wat Sy koms aankondig. Vader God wil hê dat ons waaksaam, en bewus van die dringendheid van die uur moet wees, dus bevestig Hy Sy Woord sodat ons die vervulling daarvan kan sien. **Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor (Jes. 42:9).**

Ons is meer as ooit te vore gedetermineerd om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus Christus in die hele wêreld te versprei – so ver as moontlik. Dit was nog altyd vir die afgelope 30 jaar ons prioriteit, en weereens aan die begin van die Nuwe Jaar, is dit iets wat na aan ons harte is. Kosbare verlore siele, vir wie se verlossing Jesus so 'n hoë prys met Sy Bloed betaal het, moet in Sy Koninkryk inkom terwyl daar nog tyd is, en ons weet dat dit die laaste uur is. Maar ons weet dat ons God leef en dat Hy in beheer is, en ons, Sy kinders kan in die kennis van hierdie waarheid rus.

Ek glo dat in hierdie jaar, diegene wat die Here vir 'n lang tydperk nou al vertrou het vir die manifestasie van hul gebedsversoeke, die resultate van hul volharding soos hulle in geloof gesaai het en nie geweifel het nie, die oes van hul arbeid gaan insamel, want dit is nou die tyd om te oes. God se tyd is perfek, en Sy beloftes onfeilbaar. Ons juig saam met julle in geloof wanneer julle die antwoord op jul gebede in die komende jaar ontvang! Die Woord van die Here verklaar: **Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry (Heb. 10:35-36).**

Ons moet in ons harte voorneem dat ons die Here selfs meer sal vertrou as wat ons in die verlede gedoen het. Ons moet nie Sy werking vir ons beperk nie, en, deur ongeloof, beperkings plaas op Sy vermoë om te doen wat vir die mens onmoontlik lyk nie, maar moet Hom in elke situasie, groot of klein, glo. Ons vertroue in Hom en Sy Woord behaag Hom (Heb.1:6), en behoort daarom die begeerte van ons hart te wees. Jesus het vir Sy dissipels gesê: **As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo (Mark. 9:23).** Laat ons vashou aan hierdie belofte gedurende 2012, begin vandag! Met die aanvang van 'n splinter nuwe jaar, is dit nodig dat ons selfs nog nader aan die Here beweeg, sodat ons kan hoor wat daar op Sy Vaderhart, vir Sy kinders is. Hy ken ons elkeen by die naam. Hy weet hoeveel hare daar op jou hoof is en Hy weet verseker wat Sy planne en doel, hierdie jaar, vir jou is. Hy weet wat ons elkeen se behoefte is, reeds lank voordat ons Hom vra. Hy belowe om ons die begeertes van ons hart te gee, as ons Hom eerste in ons lewe stel en ons daarin verlustig om Sy wil te doen.

Mag jy die kosbare en spesiale tyd geniet wat jy met jou familie en vriende deel, en onthou om baie gelukkige herinneringe te maak. Ons bid vir 'n veilige reis vir die van julle wat op die paaie is gedurende hierdie tyd.

Ons liefde en dank aan julle almal vir jul liefde en ondersteuning, julle goeie wense en gebedes, en weet dat ons julle lief het en waardeer, en ons Hemelse Vader dank vir julle.

Ons bid dat ons Hemelse Vader julle oorvloedig sal seën hierdie jaar, en aan julle Sy liefde, vrede, vreugde en wonderlike voorsiening sal gee. Almal by die Christelike Sentrum sluit by my aan deur baie liefde te stuur,

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

HOE OM TE BESTEL:

Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons.

Posgeld en verpakking R3.00 per boek of CD.

LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/ VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE

HOW TO PLACE AN ORDER:

Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us.

Postage and packaging costs R3.00 per book or CD.

NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP

Bank besonderhede / Banking details:
Stanger Christian Centre, First National Bank
Acc: 53730091667 Code: 220129, Branch: Stanger
Fax: (032) 5525411

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Geagte Dr James,
Ek het aan u geskryf en gevra dat u asseblief vir my dogter voorbidding doen. Sy het 'n hart operasie gehad, en het toe 'n beroerte aanval gehad. 'n Brein scan het 'n bloedklont aan die regter brein getoon, wat die dokters bekommerd gemaak het dat sy breinskade het.
Verlede week het hulle weer 'n brein scan gedoen en geen letsel aan die brein gekry nie. Liewe Jesus doen volmaakte werk. Hy genees volkome. Ons sê baie dankie aan u ook vir al u gebede. Ons innige dank aan ons Hemelse Vader!!!!

Mev K Jacobs, Pretoria

Vandag skryf ek hierdie getuienis met 'n dankbare hart teenoor ons God wat lewe en wat se wonderwerke, goedheid, genade, liefde, trou en welwillenheid nooit ophou teenoor ons wat sy kinders is nie. Die dokter het vermoed, dit het ook so gelyk op die x-strale of Julie been kanker het, maar as ek hier skryf huil ek van blydskap want God leef en Hy is Groot en Goed. Daar is na biopsie, bloedtoetse na alles danksy Sy goedheid geen, maar geen teken van kankerselle in haar liggaam gevind nie. Prys God!! Deur God se genade en goedheid was daar geen teken van enige kanker of infeksie nie. Want God het genade gehad, gebede verhoor ek het aanhou bely deur Jesus Christus se wonde is sy volkome genees. Daar is krag, lewe, genesing, beskerming, verlossing en wonderwerke in die Bloed van Jesus Christus. Baie liefde aan julle alma en oorvloedige seën van God aan julle.

Mev A van Rensburg, Volksrust

Al die lof dank en eer aan Jesus vir die genesing van my regterheup wat vir baie jare baie pynlik was. Ek het na 'n Sondagoggend diens by die Christelike sentrum toe gegaan. Terwyl dokter Van Zyl vir my bid kon ek sien hoe dat my regterbeen groei wat 4cm korter was as die linkerbeen. My heup word steeds sterker en die spierspasmas al minder. Jesus Christus is gister vandag en tot in ewigheid dieselfde, Heb. 13:8. Hy is steeds die God wat wonder doen Ps. 77:15. My opregte dank en waardering aan Dokter en Meg en hulle medewerkers by die Christelike Sentrum vir al hulle gebede vir my en my dierbares.

Mnr P Ferreira, Stilbaai

Ek het ongeveer 2 weke gelede 'n versoek ingesit vir gebed vir my dogter. Sy het vandag haar antwoord gekry. God seën haar met 'n goeie werk en ek is vol vertrou dat Hy haar daar gaan gebruik. Ek wil al die lof en eer aan ons Vader bring vandag want Hy is 'n waarmaker van sy Woord, ek wil huppel en spring en aan almal van Sy Goedheid vertel. God het my nog nooit in die steek gelaat nie. Baie dankie ook vir u gebede. God seën u. Groete

Magda Engelbrecht, Secunda

Net terugvoering oor Sharon en Riaan,
Sharon het vir my geskryf die virus is so te se uit haar brein sy is net baie baie moeg en voel nog sleg, maar sy het opgestaan vandag uit n lang siek bed en ons prys die Here en gee die Here al die eer. Sy sê sy sukkel nog om te rus, die hoofpyne was ondraaglik erg, en dit het verminder ons gee die Here al di eer. Dokter baie baie dankie. Dankie net dat ek kon skryf ek was baie hartseer want dit het net gevoel sy word al hoe slegter en toe haar woorde aan my: "ek is siek Marlene en my kinders nog so jonk ek voel die Here gaan my kom haal ek is baie siek", prys die Here sy is gespaar, dankie weereens, Dokter dit is so wonderlik om te weet daar is mense wat bid vir ons.
Dankie Baie!

Marlene Otto

Ons bid die Here se rykste seën op Sy groot werk af en loof Hom omdat Hy vir u vir ons geroep het om saam te bid en te weet dat die Here u gebede verhoor, gesond maak en probleme oplos. Te veel om alles te noem. Ek was by u 8 jaar gelede gedoop en gebid vir my rug wat volkome genees is. Redding vir my kinders en kleinkinders wat die Here vandag wonderbaarlik dien. Dankie vir u boekies en nuusbriewe wat ek gereeld uitdeel en net elke keer op die regte tyd aankom. Ook groot geword in die N G Kerk, en my oë het regtig oopgegaan. Baie liefde.

Hilda Mondon

One year ago ear spesialists saw that my youngest grandchild, Henry had a hole in his ear drum. Doctors said that if it had not healed in three months time, then they would have to operate. I wrote to you to ask you to pray for him. My son Cyril phoned me to tell me that the hole in the ear is no more, Father God, Lord God almighty has healed Henry's ear!! Isaiah 53:5: But He was wounded for our transgresseions, He was bruised for our iniquities, the chastisement of our peace was upon him, and with His stripes we are healed.

Hester Roly

Time is more valuable than money because time is irreplaceable.

&

Redeeming the time, because the days are evil.
Ephesians 5:16